

kontak (*contact*): dui op die ww. om in aanraking te kom of die s.nw. aanraking, voeling. Verwys na die verskillende pogings van die spreker om met die aangesprokene in aanraking te kom.

Kontak

Theo de Jager

[Uit: *Di-mensies*, 1998]

H.H. KRYNAUW
Eastern Cape Education Department



kaart (*card*): simkaart
waarop jou data en
inligting gestoor word



2

1. Ek kon jou met 'n selfoon bel
2. om te sê dat ek jou baie mis,
3. maar die kaart was gekrap, die batterye pap
4. en die boodskap het in die niet verdamp

r. 4: in die niet verdamp (*to disappear in thin air*): die boodskap het net verdwyn

Waarom vind die spreker dit onmoontlik om suksesvol kontak te maak?

Sim-kaart is foutief, die selfoon se batterye is pap, die boodskap het verdwyn

Waarom is dit vir die spreker nodig om met die aangesprokene kontak te maak? Nie duidelik uit gedig nie, al wat ons weet is dat daar 'n gebrek aan gemaklike kommunikasie tussen die 2 is. Kan wees dat die spreker en sy geliefde in 'n geskil betrokke was en dat die spreker daarom nie die vrymoedigheid het om spontaan met sy geliefde kontak te maak nie.

5. Ek het vir jou 'n brief geskryf
6. en my hart se hoeke daarin uitgewas
7. maar my pen was krom, my vingers te dom
8. om die woorde in die koevert te pas

corners of the heart:
verwarde beeldspraak,
'n hart het nie hoeke
nie, hou verband met
koevert (*envelope*).

Hoe verskil 'my vingers te dom' van al die ander redes wat die spreker gebruik om nie kontak te maak nie?

Die enigste een wat persoonlik is, al die ander verwys na tegnologie wat foutief is (sim-kaart, batterye, boodskap, pen).

Wat bedoel die spreker as hy sê dat hy sy 'hart se hoeke daarin uitwas'?

Hy wil sy gevoelens ontbloot – sê hoe hy werklik voel.



9. Toe het ek maar 'n duif gestuur
10. sonder skrif of klank, en nou wag ek,
11. hoop ek en bid ek dat hy terug sal kom
12. met 'n takkie blare in sy bek.

Na watter 2 woorde wat voorheen in die gedig voorkom, verwys die 'skrif of klank'.

Skrif – 'brief' / klank – 'selfoon'

Haal 8 opeenvolgende woorde aan wat daarop wys dat die spreker daarna uitsien dat daar 'n antwoord sal terugkom.

'nou wag ek, hoop ek en bid ek'

duif (dove): verwysing na die duif wat Noag net na die Sondvloed uitgestuur het. Die duif het met 'n takkie teruggekem as aanduiding dat daar land is; duif met 'n takkie in die bek is 'n simbool van vrede



Bespreking en vrae

Nadat die spreker nie daarin 'kon' slaag om 'n ..(1).. te maak nie, skryf hy wel 'n ..(2)... Dit lei ons uit die woord ..'(3)'.. af. Tog ..(4).. hy dit uiteindelik nie. Uiteindelik besluit hy om 'n..(4).. te stuur.

1. selfoonoproep

2. brief

2. 'het'

3. pos

4. duif

Dink jy die spreker het 'n antwoord ontvang?

Dit is moontlik dat die verhouding onherstelbaar verbroekel het. Dit is hoekom die spreker tot sulke uiterstes moet gaan om dit te probeer herstel. Die 'duif' is ook nie 'n goeie manier van kontak maak nie, want hoe gaan die aangesprokene weet van wie dit kom en wat die boodskap is ... en hoe gaan sy/hy die duif van enige ander kan onderskei. Die boodskap sal dus verlore gaan.

Maar dit is ook moontlik dat die aangesprokene so deur die desperaatheid van die spreker geraak sal word dat hy/sy wel die vrede sal herstel.

